SIKHULA SONKE
NUUSBRIEF
AAN ONS LEDE

Januarie 2011

ALGEMENE SEKRETARIS VOORWOORD

2011 is uiteindelik hier en ons gee God al die eer dat ons, ons sesde verjaardag kon vier en vir krag en genade wat Hy elke dag aan ons betoon het. As leiers en personeel wil al ons lede bedank vir u onbaatsugtige opoffering in 2010. Dit was 'n baie uitdagende jaar, maar met u ondersteuning en God se leiding het ons sterker, wyser en ingeligter anderkant uitgekom.

'n Refleksie werkswinkel met werknemer verteenwoordigers van al die Sikhula Sonke plase het ons as leiers 'n geleentheid gebied om saam met werker leiers te kyk na oplossings vir al die uitdagimgs was ons in die gesig gestaar het, ons het ook besef dat ons ten alle tye ons lede op hoogte moet hou oor kwessies wat ons in die gesig staar.

Ten spyte van die uitdagings was daar ook baie positiewe dinge wat gebeur het. Sara Claasen President van Sikhula Sonke het ons verteenwoordig by die provinsiale plaas werker konferensie.

80 lede van Rawsonville, Ceres, Stellenbosch en Wellington het Minister van Landbou en Vissery Tina Joemat se begrotings toespraak bygewoon. Die Sikhula Sonke koor het by die glansaand opgetree.

Laat ons bou op die positiewe dinge van 2010. Laat ons die lesse geleer implimenteer in ons beplanning vir 2011. Die jaar van ons drie jaarlikse Kongres en verkiesing van die leierskap van Sikhula Sonke asook die verkiesing van Tak leiers.

Laat ons seker gemaak vroue leierskap word steeds gebou,. Kom ons hou die regering verantwoordelik vir afdwinging van wetgewing. Kom ons beding kollektief met werkgewers en Groothandelaars soos TESCO, Systembolaget, Fairt Trade en Vinmonopolet om maksimum voordele vir ons lede daar te stel.

Aluta Continua!

Wendy Pekeur

Leiers by Des opleiding en refleksie werkswinkel

BEPLANDE AKTIWITEITE

Jan tot April 2011

<u>Die plan is gebasseer op Grondwetlike verpligtinge, strategiese prioriteite asook kontrakte met bevondsers aangegaan.</u>

1. Een opleiding werkswinkels met Organiseerders en werker verteenwoordigers rondom onderhandelinge en nuwe wetsveranderinge in April
2. Een vergadering vir Organiseerders en werker verteenwoordigers (wat die opleiding bygewoon het) in Junie om implimentering van die opleiding inhoud te monitor, effektiewe dienslewering aan lede en om informasie te deel oor sake wat lidmaatskap affekteer.
3. Een opleiding werkswinkel in Februarie aan plaas kommittees van Rawsonville, Citrusdal, Vlottenburg, Ceres en Villiersdorp Takke.
4. 1 opleiding werkswinkel in Maart aan vroue leiers in 5 takke rondom geweld teen vroue
5. 1 vergadering met polisie forum in al die areas waarin Sikhula Sonke werk.
6. 1 vroue forum in April
7. 1 opleiding werkswinkel aan Org en N.E.C
8. 1 opleiding vir Tak leiers in April
9. Maandelikse N.E.C vergaderings
10. Twee maandelikse B.E.C vergaderings (Februarie en April)

Geweld teen vroue rollespel

BEPLANDE AKTIWITEITE

Institusie Bou

1. Werwing van seisoenale werkers (insluitend Xhosa sprekende vroue) Februarie tot April
2. Informasie sessies op 10 plase Jan tot Februarie
3. Tak Algemene Jaar Vergaderings begin in April
4. Plaas kommittee verkiesings begin Maart
5. Voltooing van database Januarie tot Februarie
6. Maandelikse gevalle werk sessies vir personeel
7. Gevalle werk soos dit vereis word
8. Organiseerders forums elke tweede week
9. Maandelikse personeel vergaderings
10. Maandelikse bestuurs vergaderings
11. 1 spanbou sessie vir N.E.C en personeel April

Veldtogte en Onderhandelinge

1. Vergaderings met werkgewers om verifiksasies, erkennings af te handel.
2. 1 vergadering in Maart met werkgewer Organisasies om moontlikhede vir 'n bedingings kamer in die wynbedryf te ondersoek
3. 1 vergadering met die Departement van Arbeid om die proses tot 'n bedingings kamer te fasiliteer
4. 1 vergadering met System bolagat die Sweedse Handelaar wat Suid Afrikaanse wyn koop.
5. 1 Vergadering in Maart met die Minister van plaaslike ontwikkeling rondom befondsing vir plaas werkers om eiendom te besit.
6. Evaluasie War on Want om te kyk hoe ons die afgelope 3 jaar gevorder het as 'n organisasie Maart
12. 1 vergaderings met seisoen werkers in Wellington in die begin van Maart
13. Ontwikkel veldtog pamflette in Maart
14. 1 seisoen werker demonstrasie 17 Februarie in Wellington

Netwerke

15. Een alliansie vergadering met vakbonde
16. Een netwerk vergadering met nie regerings organisasies in

Offisiere van Woleceley Polisie diens spreek lede toe by opleiding

President van Sikhula Sonke en leiers by plaas werker konferensie

HOOGTEPUNTE

Nuwe vennootskappe

Sikhula Sonke het drie nuwe vennootskappe en bevondsers bygekry, Foundation for Human Rights wat gebasseer is in Johannesburg, FNV Mondiaal wat gebasseer is in Duitsland asook Legal Resources Centre in die Kaap wat bevonds word deur Comic Relief.

Nuwe kantore

Ons het 'n nuwe kantoor gekry en trek in op 2 Februarie 2011. Dis in die Planckenberg area oorkant Stellenbosch stasie. Daar gaan 'n "bring en braai" gehou word op Vrydag 4 Februarie gehou word en lede is welkom om by ons aan te sluit.

Algemene Sekretaris ontvang internationale toekenning

Wendy Pekeur het die toekenning ontvang vir haar rol in die bemagtiging van plaas vroue. Sy was een van 8 wenners uit verskillende wêreld dele. Die Nominasie was gedoen deur Deena Bosch wat op die advies raad van Sikhula Sonke dien en dit was geondersteun deur die Uitvoerende kommittee van Sikhula Sonke, Centre for Rural Legal Studies, Engender en Ilrig.
Die toekenning was gegee deur WWSF 'n Internasionale nie winsgewende organisasie met verenigde nasie status. Hul programme sien toe dat kinder en vroue regte geimplimenteer word en hul hoof Doelwit is om vroue en kinders te bemagtig.

Wendy is ook verkies deur 'n ASHOKA 'n organisasie gebasseer in Amerika as 'n "change maker". Ashoka gaan haar salaris vir die volgende drie jaar betaal